


Hoofsupt. Wayne Minnaar, metropolisiewoordvoerder, kyk na 'n T-hemp met die Wêreldbeker-sokkertoernooi-embleem op. Foto: ANDRÉ DAMONS

# R15 m. se nagemaakte goedere in hotel gekry

André Damons

Sowat R15 miljoen se nagemaakte goedere gaan vernietig word nadat dit eergister in die kelder van 'n hotel in die Johannesburgse middestad gekonfiskeer is.

Die Johannesburgse metropolisie en doeanebeamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het tussen 22:00 eergisteraand en 07:00 gisteroggend in samewerking met die maatskappy Global Executive Network (GEN) daar toegeslaan. Hulle het talle houers vol vervalste goedere in die kelder van die Rand Inn-hotel gevind.

GEN ondersoek die verspreiding en verkoop van vervalste produkte.

Die hele kelder van die hotel is in sowat nege pakhuise en stoorkamers opgedeel. Verskeie winkels in Delvers- en Jeppestraat in die middestad berg hul produkte daar.

Ethiopiërs besit die meeste van die winkels en die hotel.

Dit is die grootste hoeveelheid nagemaakte produkte wat tot dusver in die Goudstad gekonfiskeer is, het hoofsupt. Wayne Minnaar, metropolisiewoordvoerder, gesê.

Volgens die leier van die ondersoek het twee bakkies met onder meer Bulls-ondersteunersitems gereed gestaan om na Pretoria te reis met die oog op môre se Super14-eindstryd.

Sowat 9 000 items is op die bakkies gevind.

Beslag is gelê op verskeie ander bekende handelsname soos Nike, Adidas, Lacoste, Polo en Timberland.

Items van die sokkerspanne Orlando Pirates en Mamelodi Sundowns asook die WP-rugbyspan is gekonfiskeer.

Selfs kledingstukke met die embleem op van die Wêreldbeker-sokkertoernooi volgende jaar was onder die goedere.

Volgens een van GEN se personeellede, wat nie sy naam genoem wil hê nie, kom dié deurbraak ná 'n ses weke lange ondersoek.

"Ons het van ons agente op straat gesit om die netwerk binne te dring om só die verspreiders vas te trek. Ons het voor die klopjag gesê ons gaan winkels besoek, toe onttrek almal hul goedere van die winkelrakke af en berg dit in dié stoorplek," het hy gesê.

Die produkte, wat in verskeie groot houers was, sal later vernietig word.

Volgens dié GEN-personeellid was hulle agter die stoorplekke aan wat die produkte berg, eerder as individuele winkels wat dit verkoop.

■ andre.damons@beeld.com